

Pretoria- 25 Maart 2012

Skriflesing: Genesis 49:1-7, Maleagi 2:1-10

Teks: **Genesis 49:5-7, Maleagi 2:5-7**

Sing: Ps. 100:1,3; Ps. 51:3; Ps. 68:12; Ps.134:1,2,3

Broeder en suster- Lea het al vir Jakob drie seuns in die lewe gebring – Ruben (waarby ons die vorige keer was) - vandag is ons by Simeon en Levi. Die naam Levi beteken om verbind te wees, ingebind te wees. Ongelukkig het die lewe van Levi 'n ander verbinding gehad. Sy verbinding aan sy broer, Simeon. As Jakob sê *Simeon en Levi is broers*, dan bedoel hy nie net dat hulle bloedbroers is nie, maar hulle is in alles aanmekaar gebind gewees.

En watter hartseer verbinding was hierdie nie? In Genesis 34 het dit gebeur, wat Jakob op sy sterfbed nie van hulle kon losmaak nie. Levi en Simeon was aanmekaar gebind, toe hulle gesamentlik die mense van Sigem so uitgemoor het. Dit nadat daar so pas 'n sakrament gevier was. Die besnydenis woude, daardie sakrament, het nog rou aan die manne van Sigem gesit. En toe slaan Simeon en Levi toe, op die oomblik toe mense deur 'n sakrament verswak was. Toe is Simeon en Levi, bedienaars van geweld – Jakob sê *hulle wapens is werktuie van geweld. Laat my siel nie kom in hulle raad nie, laat my eer nie eens wees met hulle vergadering nie. Want in hulle toorn het hulle manne doodgeslaan en in hulle moedswilligheid het hulle beste vermink*. Al het die twee seuns in belang van hulle suster Dina opgetree, was dit alles behalwe eervol. Jakob sal op sy sterfbed die doodmaak van die Sigmiete nog steeds met die sterkste taal denkbaar afkeer.

En dan ontvang Simeon en Levi nie 'n seën nie, maar eintlik 'n vloek – *Vervloek is hulle toorn, want dit is heftig; en hulle grimmigheid, want dit is hard. Ek sal hulle verdeel in Jakob en hulle verstrooi in Israel*. Die twee, Simeon en Levi, wat so verkeerd aan mekaar gebind was, sal uitmekaargejaag word en verder gejaag word – hulle sal versprei word tussen die stamme van Israel. En so sou dit wees. Simeon sou een wees wat geskiedenis maak, deurdat hy juis nooit geskiedenis gemaak het nie. Niks sou ooit op Simeon se naam kon staan nie. Nie sy eie grond nie, nie sy eie posisie nie, selfs nie eers sy eie geskiedenis nie. Sy geskiedenis word dan ook maar saam gesien, saam met die van Levi, soos ons ook vanoggend hierna kyk. Simeon se naam lyk amper uitgevee te wees.

In Numeri 1 en ook in Numeri 26, sien ons hoe die nageslag van Simeon al minder en minder geword het. Elk van die ander stamme se getalle het in die Exodus, die uittog deur die woestyn, met sowat 2000 man verminder, maar Simeon se stam daarenteen het met 37200

Pretoria- 25 Maart 2012

verminder. Hulle is toe alreeds die helfte kleiner. En in Numeri 25 verloor net die Simeonstam, 24000 man met een veldslag, terwyl die ander nie naastenby hierdie verliese ken nie. Ja en so word Simeon se naam al hoe minder en al hoe minder genoem. Moses se lied in Deut.33 noem hom nie eers nie en so ook het Debora in haar lied in Rig.5 geen Simeon wat sy noem nie.

In Kronieke 4 en so ook Rigters 19 wys weer daarop dat Simeon geen grondgebied gekry het nie. Die stam van Simeon het net maar 'n paar stede gehad, reg in die middel van Juda se stamgebied. En later het die stam geen stad ook meer gehad nie. Hulle moes na die berge vlug, om daar te woon. En wanneer Hiskia koning word in Israel dan het die stam eintlik reeds heeltemal verdwyn.

Broeder en suster, watter waarde het hierdie Simeon-gebeure vir ons. Simeon 'n gewelddadige mens en sy nageslag sou dit ook wees. Mense wat so maklik na geweld gryp, oor die kleinste verskilpuntjies, dit help niks. Dit is in die Here se oë dan beter, om sulke mense, kan ons dit noem, om hulle in te bind en vas te maak. Hierin sit eintlik die groot genade, agter die tragiese Simeon-verhale. Die feit dat hulle ingebind word. Hoe treffend dan ook dat Simeon die een was, wat deur Josef opgesluit was, hy is ingebind, toe sy ander broers na vader Jakob kan teruggaan, maar hulle nie weer na Egipte sou kon terugkom sonder Benjamin nie.

As ons na lewe kyk, dan moet ons besef hierdie saak van om ingebind te wees, gebeur nou nog. Dit is beter dat God iets van my wegneem, dat God dit as't ware inbind, dit wat maak, dat ek nie by God uitkom nie. *Wat baat dit as jy die hele wêreld wen, maar jou siel ly skade.* Dan neem God dit eerder van jou weg. Hy sal selfs 'n mens se selfstandigheid kan wegneem, as dit juis jou selfstandigheid is wat maak dat jy in die hel sal beland.

Wat met Simeon gebeur het, is ook op Levi van toepassing. Levi wat juis dan beteken om te bind, Hy sou ook ingebind word. Jakob sê mos van albei dieselfde – *Ek sal hulle verdeel in Jakob en hulle verstrooi in Israel.* In Levi se geval is die verloop egter heeltemal anders. Die feit dat die man se naam juis die betekenis gehad het van om aanmekaar te bind, daarmee het God sy eie bedoeling gehad.

Pretoria- 25 Maart 2012

Al het Levi, soos Simeon geen grond van hulle eie kon hê nie. Levi sou ook dakloos moes wees. Tog gee God vir die nageslag van Levi 'n ander dak, die dak van die tempel. Die nageslag van Levi sou ingebind wees tot die priesterdiens. Hulle sou vir God priesters moes wees. Die priesteramp is die amp van versoening. Versoening tussen God en mens. Dit is wat alle priesters moes besef, almal wat waarlik uit Levi was hulle moes die versoening verder kon vat. Hulle moes in die tempel diens doen, met die offers en alles daarmee saam, dat daar versoening kon wees. Versoening tussen God en die kinders van God. So ironies, dat juis die man van geweld, hy sáám met sy broer Simeon, Levi word die een wat moet uitstaan as daar versoening moet kom. Levi wat geen grondgebied kry nie, Levi word ingebind tot goddelike diens.

Dit is voorwaar genade om ná alles so ingebind te mag wees. Levi kry dus nie 'n erfdeel nie, maar die Here is sy erfdeel. Die Here praat in Maleagi 2 van hierdie binding, om so ingebind te wees, deur vir God net 'n priester te mag wees. Maleagi 2 5 – *My verbond met hom (met Levi) was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee...*

Al sou die nageslag van Levi nie kon loskom van daardie skandvlek van Sigem in hulle geskiedenis nie. Dit is die Here wat vir hulle, hul skandteken inbind tot 'n litteken. 'n Litteken wat elke Leviet gekenmerk het, dat hy tempeldiens moet verrig. Dit sou vir hulle hulle merkteken word. 'n Skandteken, word 'n litteken, word 'n merkteken. En dit word 'n ereteken, 'n sigbare genade teken, 'n besondere verbondsteken, deurdat die Leviete sou kon sê: ons staan openlik, prominent in God se diens. Watter eervolle plek verkry die Leviete dan ook om die versoening met God aan die mense te bedien, deur die talle bloedoffers in die Ou Testament.

Aan die Leviete het God sy Urim en Tummim toevertrou, daardie geheimenisvolle gesteentes in die Ou Testament waarmee God sy wil aan hulle sigbaar en duidelik gemaak het. Die Leviete sou wees die mense wat fisies die verbondsark van plek tot plek moes dra. Weereens 'n baie eervolle werk, nadat alles eintlik so oneervol begin het. Die Levitiese priesters moes bedienaars van God se versoening wees. Dit het hulle hele offerdiens, hulle tempel taak, hulle hele roeping saamgevat. Die priester is die mens wat vir ander werklik God se genade moet wys. Priesters is die mense wat moet wys wat dit is om die Goddelike genade te hanteer.

Pretoria- 25 Maart 2012

Wanneer ons weer die Levitiese priester spoor in Maleagi verder vat, dan is daar 'n klag teen die Levitiese priesters opgestel. Die klag is teen die manier van hoe hulle offer. Hoe hulle God se genade hanteer. Hulle het daarmee heeltemal iets anders gaan maak, as dit wat God se bedoeling met hierdie genade teken van die offer was. Hoor die klagte in Maleagi 2 – *julle bring pensmis as offers!* (v3) – Dit alles kom daarop neer- hulle het die regte pad verlaat, hulle het baie tot 'n val gebring met wat hulle geleer het... hulle het die verbond met Levi geskend.

Broeder en suster, as die klagtes so opklink is die vraag: Besef ons werklik hoe onbeskryflik groot is God se genade. 'n Levi-kind wat saam met Simeon skuldig gestaan het. Albei geweldenaars, hulle moes ingebind word, vasgemaak word. Die een, Simeon, word so styf ingebind, dat sy naam en nageslag van die aardbol moes verdwyn. Levi, ook 'n daklose wat geen grond van sy eie sou mag kry nie. Daartoe was hy ook verbind- verpand.

En dan ontvang Levi, later aan, 'n wonderlike teë pand, weelde, genade, om te mag woon in God se tempel. En tog was hierdie weelde genade wat hulle ontvang het, te veel om te hanteer. Hulle sondig in hierdie genade, deur net hulleself daarmee te wil verryk, hulleself vol te stop. Ons sien in Maleagi hulle gee eintlik nie 'n flenter om wat word van die mense, in wie se belang hulle moes offer nie.

Dink maar nog vroeër aan Hofni en Pinehas, daardie twee priester seuns van Eli wat hulleself so uit die offergawes verryk het. In koning Hiskia se tyd word die wetboek eers weer herontdek. Priesters het toegelaat dat veertig jaar se stof en pakkasies maar oor die wetboek kom. Die Wetboek het heeltemal in die vergetelheid sou raak. Vir 40 jaar laat priesters toe dat daar nooit daaruit gelees word nie. Hulle wat veronderstel was om mens en God saam te bind, dat mense met God versoen kan wees. maar juis het hulle optrede God en mens van mekaar weggedryf. Selsug, selfverryking, egoïsme, is die dinge wat priesters dryf dat hulle graag 'n veilige afstand tussen God en hulle wil hê. En dit werk deur na die volk toe. In Haggai hoofstuk 1 is die verwyte baie skerp dat elkeen van die volk vir sy eie huis hardloop, terwyl die Here se huis in puin lê. Dit is die mense wat in die genade van God kon deel, maar wat dan nie hierdie genade nie reg hanteer nie.

Broeder en suster, daarom ná wat Simeon en Levi ons by uitbring is die vraag hoe hanteer u die genade van God?! Is ek besig om dit wat ek van God ontvang het, net vir myself te hou,

Pretoria- 25 Maart 2012

dit op te gaar. Besef ons wel deeglik dat genade het werklik net sin en betekenis as ek in Jesus daarna kyk. Dit wat Jesus vir my uitgedeel het, toe Hy my by Hom ingebind het. Nou moet ek kan uitdeel. Jesus het sy lewe vir ons uitgedeel. Alle gawes wat ek van God ontvang, ek moet 'n uitdeler wees. Dit moet soos elektrisiteit in u en my lewe werk. As krag in 'n elektriese draad sou stilstaan, dan is daar geen elektrisiteit nie. Vanweë die feit dat die krag vloei, dit beweeg deur die draad, dit word bv. aan 'n lamp uitgedeel. Dit maak dat 'n lamp kan brand. Dan kom daar lig in 'n vertrek. Ons moet soos 'n elektriese draad 'n goeie geleier kan wees van God se gawes. Dan eers begin ons om die gawes reg te hanteer. Wie genade so gelei, word self 'n gloeiende kool genade. Die Here gee geen gawe aan 'n mens, dat die gawe ooit net by een mens moet stilstaan nie.

Vanuit Levi het dit gekom, die groot geweldenaar wat moes word 'n "geleier" in wat Christus hom maak- *my verbond was met hom die vrede*. In 1 Petrus 4 staan dit so duidelik vir ons geskryf – *Namate elkeen van julle 'n gawe van God ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van God se veelvuldige genade*.

Dit is die gemis waarmee Maleagi die Levitiese priesters aankla. Hulle het hulleself meer begin dien as wat hulle God gedien het. Die genade het by hulle gaan stilstaan. Mag u lewe in God se diens wil staan. Vir die Leviete, was hulle optrede volgens Maleagi so beskamd. Die Ou Testament eindig tragies met wat die nageslag van Levi aangaan. Hoe dankbaar moet u wees om te mag weet hierby eindig dit nie. In die Nuwe Testament in Hand. 6 staan dat uit die geslag van Levi het 'n hele klomp priesters, gelowig geword. 12000 het hulle toevlug na Christus geneem. Esegïel 48 wil vir die Levitiese geslag poorte oopmaak en in Openbaring 7 dan is daar ook vir die Leviete 'n oop poort na Christus toe. Van die 144000 gemerktes sien Johannes 12000 gemerkte Leviete. Mag u ook daartoe ingebind wees.

AMEN